

BESONDERHEDE AANGAANDE DIE "VOLKSLIED VAN DE ZUID-AFRIKAANSCH REPUBLIEK"

In *Die Nuwe Brandwag*, van Mei 1930, sowel as in sy Burgersbiografie het die bekende Transvaalse historikus, prof. dr. S. P. Engelbrecht, 'n aantal besonderhede in verband met die ontstaan van die "Volkslied van de Zuid-Afrikaansche Republiek" en mej. Catharina I. van Rees vermeld.¹ Laasgenoemde was sowel vir die teks as vir die toonsetting van dié volkslied verantwoordelik wat soms, verkeerdelik, na aanleiding van die aanhef, "Kent gij dat volk . . ." genoem word. Hierdie volkslied het, in die loop van die jare, meer byval as "De Vierkleur — Een Transvaalsch Volkslied"² gevind en het, soos bogenoemde skrywer dit stel, " 'n plek verower in die hart van die Transvaalsche Volk".³ In hierdie bydrae word kortliks geskets watter stryd daar, sowel vóór as tydens die Tweede Vryheidsoorlog, in verband met die outeursregte van dié "Volkslied van de Zuid-Afrikaansche Republiek" aan die gang was.

Chatarina van Rees protesteer

In Desember 1899 het Catharina F. van Rees, in 'n artikel in die Nederlandse koerant *Het Vaderland*, protes aangeteken teen — soos dit beskryf is — "de exploitatie van het Transvaalsche Volkslied, zonder daarvan eenig honorarium te ontvangen."⁴ Hierdie protes was die aanleiding tot die verantwoording van die kant van die uitgewer van die eerste gedrukte eksemplare van die "Volkslied", H. Rahr, van Utrecht, Nederland, waarvan 'n gedeelte in die *Algemeen Handelsblad* (Amsterdam) van 16.12.1899 opgeneem is.

Rahr deel hierin mee dat hy in 1875 'n paar manuskripte van Staatspresident T. F. Burgers ontvang het wat hy vir eie rekening en risiko moes uitgee. Die komponiste en digters van hierdie manuskripte het slegs die reg voorbehou om 'n paar outeurseksemplare te ontvang. Hieraan is voldoen en van nie een van die komponiste of digters is sowel voor die publisering as tydens die nasien van die proewe of daarna op- of aanmerkings ontvang nie.

Op 17 November 1875 het Rahr 'n brief van Catharina van Rees ontvang waarin sy meegedeel het dat sy haar outeurseksemplare ontvang en versend het en dat sy, nou teen betaling maar in haar hoedanigheid as komponiste, teen 'n sekere afslag nog 'n sestal eksemplare van die "Volkslied" wil ontvang. Tewens het sy, in dieselfde skrywe, Rahr aan sy belofte teenoor die Staatspresident herinner om 'n aantal besprekings-eksemplare aan die pers te stuur.

Ook in hierdie skrywe is geen melding gemaak van outeursregte nie

1. *Die Nuwe Brandwag*, jaargang 2, nr. 2, pp. 81-90; *Thomas Francois Burgers. A Biography* (Pretoria-Kaapstad) 1946, pp. 19, 120, 121n., 274, 307.
2. Woorde deur Neef Jan, musiek deur J. S. de Villiers.
3. Sien aant. 1, artikel "Die Transvaalse Volkslied", p. 90.
4. *Dr. W. J. Leyds-Archief*, band 54/1 waarin GZ.R 8415/99 met knipsel "Het Transvaalsche Volkslied", soos verskyn in die *Algemeen Handelsblad*, (Amsterdam), 16.12.1899. Die artikel, soos verskyn in *Het Vaderland*, is nie aanwesig nie.

en Rahr het aanvaar dat die eiendomsregte van die manuskrip by hom berus. Hy voer aan dat, indien mej. Van Rees en/of Staatspresident Burgers aanspraak op genoemde regte wou gemaak het, die geleentheid op dié tydstip nog bestaan het om hierdie aangeleentheid te bespreek aangesien die Staatspresident nog in Nederland vertoef het.

Intussen het die “Volkslied” byval gevind en, op ’n ongenoemde datum, the Catharina van Rees aan Rahr gevra om haar deel van die vergoeding van die verkoop te ontvang. Rahr het geantwoord dat daar geen ooreenkoms tussen hom en die komponis bestaan nie, maar hy het mej. Van Rees belooft om haar ’n geskenk te stuur sodra die verkoop ’n wins sou oplewer.

Daarna is Rahr deur ’n familielid van Catharina van Rees, t.w. die Nederlandse regsgeleerde Van Rees, van Den Haag, aangeskryf om die aangeleentheid te reël. Dit was in 1881 en Rahr het na Den Haag gegaan, bogenoemde inligting verstrek en daarna gereken dat die geskil opgelos was.

Finansieel het sy bemoeienisse in verband met die “Volkslied” geen wins opgelewer nie want die musiek en die teks is — sonder dat toestemming daarvoor van Rahr verkry is — nagedruk. Hierdie “diewe” was meestal, aldus Rahr, persone van wie die koste van ’n regsgeleding nie verhaal kon word nie. Dit het Rahr die lus ontnem om teen hulle te prosedeer aangesien hy dan nog meer geld sou verloor en hy, tot op dié tydstip, nog geen wins kon aantoon nie.

Waar die belangstelling in die “Volkslied” in Europa vermoedelik deur die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) aangewakker is, het dieselfde verskynsel hom in 1899 herhaal. In Duitsland het die uitgewers “Schott’s Söhne” die “Volkslied” gedruk en versprei. Om sy eie belange te beskerm, het Rahr hierdie uitgewer versoek om — aangesien by die Duitse uitgawe as ’n nadruk van syne beskou het — die in Duitsland gedrukte eksemplare van die “Volkslied” nie meer na Nederland uit te voer nie. Hy het die versoek ook aan die Duitse uitgewer gerig omdat die in Nederland gedrukte eksemplare nie na Duitsland kon uitgevoer word nie. “Schott’s Söhne” het hierop geantwoord dat Catharina van Rees hulle meegedeel het dat hy (Rahr) geen reg op die lied het nie, dat hy wederegtelik optree en dat sy Rahr en ander nadrukkers geregtelik sou vervolgt.

’n Paar dae later het Rahr ’n skrywe van advokaat De Ranitz, van Den Haag, ontvang waarin laasgenoemde, namens mej. Van Rees, teen sy uitgawe protesteer. Rahr het, net soos vroeër, alle besonderhede in verband met die ontstaan van sy uitgawe verstrek, mar die regsgeleerde het sy protes gehandhaaf. Hy het aangevoer dat mej. Van Rees ’n brief van Staatspresident Burgers besit waarin Rahr se regte betwis word. Tewens het adv. De Ranitz verklaar dat mej. Van Rees ontstig sou wees indien sy sou verneem dat Rahr die vyfde uitgawe van die “Volkslied” in verband met outeursregte aan die Nederlandse Minister van Justisie gestuur het.

In sy weergawe, soos gepubliseer in die reeds genoemde uitgawe van die *Algemeen Handelsblad*, lig Rahr laasgenoemde optrede toe deur

te verklaar dat “door *men* beweerde werd, dat mej. Van Rees alleen den tekst gedicht had en de melodie door een stafmuzikant in Den Haag voor haar zoude gecomponeerd zijn”. In dieselfde verband deel hy verder mee: “Ik had nu duidelik doen uitkomen dat en woorden en melodie van mej. Van Rees waren, niet wetende, dat alleen de eerste inzending reeds volkomen mijne rechten had bevestigd; maar tevens, dat verdere inzendingen, al worden in éditieën veranderingen gemaakt, niet door de wet gevorderd worden”.

Hier eindig Rahr se oorsig waarin ’n besondere aspek van die geskiedenis van die “Volkslied” belig is en wat die leser onder meer inlig aangaande die hoeveelheid uitgawes wat tot Desember 1899 deur hierdie Utrechtse drukker-uitgewer versorg is. Dit is jammer dat hy geen besonderhede aangaande moontlike veranderings, wat dalk in die teks of die toonsetting aangebring is, vermeld het nie.

Dr. Leyds plaas ’n bestelling

Vier dae voordat Rahr se uiteensetting in die *Algemeen Handelsblad* verskyn het, het dr. Willem Johannes Leyds, buitengewone gesant en gevolmagtigde minister van die Zuid-Afrikaansche Republiek, aan die Republiek se konsul-generaal te Amsterdam (R. A. I. Snethlage) ’n eksemplaar van “De Vierkleur” en die “Volkslied” gestuur met die versoek om van elkeen van hierdie liedere 500 eksemplare te laat druk.⁵

Dr. Leyds het die konsul-generaal verder gevra om deeglik toe te sien dat daar geen foute in die musiek gemaak word nie en om die druk deur die Amsterdamse drukker-uitgewer J. H. de Bussy te laat uitvoer. ’n Verteenwoordiger van dié firma het aangebied om die werk sonder wins uit te voer. Dr. Leyds sou dan, van albei liedere, 100 afdrucke ontvang terwyl die drukker-uitgewer die ander eksemplare van die oplaag teen kosprys sou kan verkoop.

Op 29 Desember 1899 berig konsul-generaal Snethlage dat die firma De Bussy bereid is om die bestelling ooreenkomstig dr. Leyds se versoek uit te voer en op 3 Januarie 1900 is die eksemplare van die twee liedere wat as voorbeelde gedien het, saam met die drukproewe aan die gesant gestuur.⁶

Terselfdertyd is die volgende punte ter beslissing aan dr. Leyds voorgelê: moet, in die derde versie van die “Volkslied”, die tweede reël “In ’n werelds Statenrei” of “In ’s werelds Statentry” lui; moet, in die eerste versie, die 5e, 6e en 7e reël “Komt burgers laat de vlaggen *wap’ren*/Ons lyden is voorby/Roemt in den zegen onz’rer *dap’ren*” of “Komt burgers laat de vlaggen *wapp’ren*/Ons lyden is voorby/Roemt in de zege onz’rer *dapp’ren*” lui? Verder is gevra of die slotakkoord van die boonste hand van die begeleiding g, c, f of a, c, f moet wees. Volgens Snethlage was die laaste aanduiding musikaal juister. In verband met “De Vierkleur” het die konsul-generaal verder opgemerk dat, in die

5. *Ibid.*, nr. 2583/99, 12.12.1899.

6. *Ibid.*, GZ.R 9289/99, GS.R 264/1900.

eerste versie, "De driekleur der Vaadren" vermoedelik juister is as "De driekleur der Va-dren".

Op 13 Januarie 1900 vra Snethlage weer eens die gesant se beslissing aangaande bostaande versoeke, maar ongelukkig ontbreek die antwoord op hierdie versoek.⁷

Dr. Leyds se Briefwisseling met Catharina F. van Rees

Die gesant het intussen wel aandag aan bovermelde versoeke gegee en reeds op 9 Januarie 1900 aan mej. Van Rees, Hochstrasze 64, Darmstadt, Duitsland, geskryf dat — as gevolg van die veelvuldige aanvrae wat hy ontvang — sy voorraad van die "Volkslied" uitgeput is en dat hy besluit het om 'n nuwe voorraad te laat druk.

Hy vra of mej. Van Rees die enigste eksemplaar wat nog in sy besit is, indien sy dit nodig ag, wil korrigeer en vestig terselfdertyd haar aandag op die voorgestelde tekswysigings, terwyl hy in verband met die musiek verwys na:

1e de dubbele note bij het woord 'bloed' (a; c)

2e het accoord (gis-a-d) „ „ „ 'wappren'

3e de modulatie van het daaropvolgend f majeureaccoord naar het d mineuraccoord

4e Het slotaccoord.⁸

Reeds voordat dr. Leyds hierdie versoeke aan mej. Van Rees gestuur het, het hy na aanleiding van mej. Rees se uiteensetting in die Nederlandse pers op 30.12.1899, in die volgende trant aan haar geskryf:⁹
„Mejuffrouw,

De groote strijd, nu in onzen Zuidhoek gevoerd, en die onder gewaarwordingen van onbescrijfelik leedgevoel toch ook menige aanmoedigende gedachten wekt voor de toekomst, geeft stof tot overdenking van velerlei aard.

Onder degenen, wier streven bevorderlik is geweest aan de verheffing van het nationaal gevoel en tot versterking van een echt vaderlandschlievenden geest, neemt ook Uw naam als dichteres en componiste van ons volkslied eene waardige plaats in.

Het doet mij genoegen U zulks te mogen zeggen en U te kunnen mededeelen, wat naar mij voorkomt Uwe belangstelling zou kunnen wekken, dat Uw lied (officieel als het volkslied erkend), zoo geliefd en populair in de Republiek, steeds meer en meer en thans vooral vermaardheid verkrijgt door geheel Europa.

Ik heb vertalingen onder de oogen gehad o.a. in het Fransch, in het Duitsch en in het Engelsch, zelfs is er eene Russische vertaling ver-

7. *Ibid.*, GZ.R 385/00.

8. *Ibid.*, nr. 152/00.

9. *Ibid.*, nr. 2908/99. Hierdie brief is geskryf na aanleiding van die feit dat konsul-generaal Pierson (Parys) die skrywe van mej. Van Rees in die Nederlandse pers opgemerk en dr. Leyds hiervan in kennis gestel het (sien GZ.R 3565/00, by dieselfde korrespondensie). Genoemde konsul-generaal het ook die reg van die Franse tydskrif *l' Illustration* verkry om 'n gepubliseerde foto van mej. Van Rees te mag gebruik (GZ.R 9106/99).

schenen en naar Uwe melodie word het in Rusland in verskillende plaat-sen gezongen.

Uw naam zal in verband met dit ons volkslied steeds en vooral in de Republiek in erkentelijke herinnering blijven.

Met de meeste hoogachting heb ik de eer mij te noemen,

Uw dienstw. dienr

W. J. Leyds'

Op 11 Januarie 1900 het mej. Van Rees die volgende antwoord met betrekking tot bostaande huldeblyk in dr. Leyds se skrywe van 9 Januarie 1900 opgestel:¹⁰

„Geachte Heer,

Vermoedelijk is u mijn protest betreffende den nadruk van mijn Lied, onbekend gebleven. Ik ben zoo vrij u de courant toe te sturen waarin dit artikel voorkomt.

Dat ik gedwongen werd aldus openlijk voor mijn persoonlik belang op te treden, in een tijd van groote spanning juist over het lot van 't volk waarvoor ik dit Lied schreef, voelde ik pijnlijk, maar ik moest blijven kampen voor mijn auteursrecht, nadat ik een reeks van jaren vergeefs gekampt had voor mijn eigendomsrecht. Door de hulp van de Firma Schott, ben ik nu ten minste op weg om mijn auteursrecht te heroveren ook in 't buitenland, waar eveneens naar't voorbeeld van Holland hoegenaamd geen rekening werd gehouden met de rechten van de sinds 24 jaren zoozeer verongelykde auteur. Ik heb mij niet beklaagd over 't verbazend en zelfs ongelooflik feit, dat ik tot dusverre nog geen penning honorarium heb ontvang van den compositie die nu overal de geheelde wereld in omloop is maar ik geef u in bedenking of 't niet eindelijk tijd wordt, dat men dit in aanmerking neemt, nadat ik duidelik openlik heb verklaard op welke wijze men mij nog te elfder ure een kleine dienst kon bewyzen. Allereerst durf ik dit te verwachten van den Gezant der Transv. Republiek en verzoek hem beleefd geen nieuwe uitgave van het Lied te bewerken of toe te laten, maar de liefhebbers van dit Lied te verwyzen naar de door mij alleen geautoriseerde uitgave van de Firma Schott Frères, Montagne de la Cour, Bruxelles. Ik retourneer uw Exempl. met de verlangde correcties; den nadruk zyn dergelyke fouten in de muziek te wyten. Tegen het dap'ren en wap'ren in een gedicht, voel ik evenmin bezwaar als der vroegere dichters. Sinds er in ons land telkens een nieuwe schrifwijze word aangeprezen en gevolg, behoud ik wat mij niet verwerpelik toeschijnt.

Met verschuldigde Hoogachting Uw dw.

Catharina F. van Rees

Daar is geen bewys dat dr. Leyds sy opdrag deur die firma J. H. de Bussy laat uitvoer of laat terugtrek het nie. Mej. Rees se korreksies ten opsigte van die musiek is nie in die betrokke lêer gevind nie. Dit geld ook met betrekking tot verder korrespondensie van die gesant aan

10. *Ibid.*, GZ.R 298/1900.

konsul-generaal Snethlage en die artikel wat mej. Van Rees, ooreenkomstig haar skrywe van 11 Januarie 1900, beloop het om aan dr. Leyds te stuur.

Intussen het die stryd tussen die uitgewers van die "Volkslied" voortgeduur. Op 12 Februarie 1900 het 'n sekere mev. E. Finzi, van Parys, onder meer aan dr. Leyds meegedeel dat haar swaer, die plaaslike musiekuitgewer Pito, die "Volkslied" uitgegee het en dat hom dit deur die firma Schott verbied is.¹¹ Sy het gevra watter regte by mej. Van Rees berus en dr. Leyds het, in die vorm van 'n lêeraantekening, opdrag verstrekk dat soos volg geantwoord word:

"dat het Volkslied het gedicht en de compositie is van Made-moiselle van Rees uit Darmstadt, dat zij omtrent hare rechten een arrangement heeft getroffen met den uitgever Schott, maar dat ik niet zeggen kan hoever hare rechten gaan."¹²

Dr. Jan Ploeger

11. *Ibid.*, GZ.R 1676/00.

12. *Ibid.*, aantekeninge van dr. L. op binnekant van lêeromslag GZ.R 8415/99.